‘n Oproep aan jou om Suid Afrika te help vorm

N.i.D.S.

NATIONAL INCOME DYNAMICS STUDY

GOEIEDAG

Goeiedag vanaf die NIDS span by die Universiteit van Kaapstad. U ontvang hierdie brosjure met die hoop dat u sal aansluit by duisende ander Suid Afrikaners wat deelneem aan hierdie studie. Die Nasionale Inkomstedinamiekstudie is Suid Afrika se eerste nasionale opname waar dieselfde mense oor ‘n tydperk gemonitor word om ‘n eerstehandse beeld te verkry van hulle algemene lewens. Hierdie informasie word gebruik deur navorsers om die land se beleidmakers positief te beinvloed om die regte besluite in belang van alle landsburgers te maak.

HOEKOM IS U GEKIES?

Hierdie studie het begin in 2008. Alhoewel die meeste deelnemende huishoudings nog steeds hulle “stories” vir ons vertel, verloor ons wel mense a.g.v. sterftes, emigrasie ens. Hierdie jaar wil ons nuwe huishoudings byvoeg wat soortgelyke karaktertrekke het. Dit verseker dat jou tipe huishouding genoegsaam verteenwoordig word. Jou huishouding was ewekansig gekies deur erkende statistiese metodiek toe te pas. Dit verseker dat navorsers en beleidmakers weet die ingesamelde data al die mense van Suid Afrika verteenwoordig.

WIE IMPLEMENTEER DIE OPNAME?

Ons is van die “Southern Africa Labour and Development Research Unit” gebaseer by die Universiteit van Kaapstad. Ons versamel en analiseer die data om positiewe voorstelle aan beleidmakers te maak. NIDS is nie winsgedrewe nie. Veldwerkers van GeoSpace doen die data insameling namens ons.

SALDRU

GeoSpace INTERNATIONAL

HOE WERK DIT?

‘n Verteenwoordiger sal u besoek om ‘n afspraak te maak wanneer dit u pas. Ons wil graag met ‘n kundige inwoner ‘n onderhoud voer oor u huishouding en dan met elke individuele inwoner.

U is onder geen verpligting om deel te neem nie, alhoewel u deelname opreg waardeer sal word. U deelname is baie belangrik aangesien al die mense van ons land verteenwoordig moet word om ‘n akkurate nasionale beeld te verkry.

IS U PERSOONLIKE INFORMASIE PRIVAAT?

Ja. Ons versamel data van meer as 30,000 mense sodat ons beter kan verstaan wat werk in ons land en wat nie. Alvorens enige bevindings bekend gestel word, word die detail van alle versamelde data van alle deelnemers bymekaar gevoeg. Niemand sal u individuele data kan identifiseer nie. Ons is onderhewig aan internasionale etiese standaarde en al u data word streng privaat gehou.

DIE AKKURAATHEID VAN U ANTWOORDE

Daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Ons moet wel ‘n akkurate beeld verkry van hoe Suid Afrikaanse huishoudings lyk, hoe hulle verander met tyd, watter probleme hulle ervaar en hoe hulle dit hanteer. Die belangrike ding is dat u vrae so akkuraat as moontllik beantwoord, soos u dit verstaan. Doelbewuste onakkurate antwoorde sal veroorsaak dat ons nie ‘n akkurate beeld verkry van hoe dit met u tipe huishoudings gaan nie.

WIE NEEM NOG DEEL?

Ons maak seker dat ons onderhoude voer met mans en vrouens van alle ras en taal groepe in die land. Ons maak ook seker dat huishoudings woonagtig in landelike en stedelike areas deelneem.

WAT HET ONS GELEER SOVER?

Ons het sover baie interessante dinge geleer oor Suid Afrikaners, sommige bemoedigend en ander nie. Byvoorbeeld, omtrent al die mense wat werk gehad het in 2012 was nog steeds werksaam in 2015. Nogtans sukkel ongeskoolde jeug om werk te vind en die wat wel, verdien dikwels minder as hulle ouers, wat minder skool opvoeding ontvang het. Verder het minder as die helfte van werklose mense in 2012 teen 2015 werk gevind. Waarom gebeur dit? NIDS bepaal verskeie faktore waaraan beleidmakers aandag kan skenk om die omstandighede van alle Suid Afrikaners te verbeter.

HOE LANK SAL DIE ONDERHOUD DUUR?

Die huishoudelike onderhoud neem ongeveer 40 minute en die individuele onderhoude neem tussen 15 en 45 minute. Benewens die onderhoud voering, sal die onderhoud voerder ook sekere gesondheids metings van u neem, soos u bloed druk, lengte, gewig en middel lyf mates. Om die proses te bespoeding word tabletrekenaars gebruik. Onderhoude word geskeduleer wanneer dit u pas en ons veldwerkers kan op verskillende tye terug keer indien dit meer gerieflik is vir u.

WAT KRY U HIERUIT?

Ons betaal nie mense om aan die opname deel te neem nie. Ons sal u egter ‘n klein geskenkie as waardering vir u deelname gee. Die doel van die studie is om bewyse te lewer sodat nasionale beleid ondersteun word vir die ontwikkeling van ‘n beter Suid Afrika. Ons organisasie maak geen wins en die studie is nie winsgedrewe nie. U sal ‘n rekord van u gesondheids metings ontvang, insluitend advies indien u hoë bloeddruk ervaar.

MOET U DIE INLIGTING VERSKAF VOOR ANDER MET WIE EK SAAMWOON?

Nee. U kan privaat met die onderhoud voerder praat. As u besef u het tydens die onderhoud ‘n fout began, kan u die NIDS kantoor by ons tolvrye nommer skakel om ons daaromtrent in te lig.

GAAN ONS U WEER IN DIE TOEKOMS BESOEK?

Ons sou graag in die toekoms na u wou terugkeer om uit te vind hoe dit met u gaan. Dit is dus baie nuttig vir ons as u ons van genoeg inligting voorsien wat ons in staat sal stel om u weer te besoek.

HERINNER MY ASSEBLIEF WEER WAAROM DIT BELANGRIK IS?

U sal deel van ons land se geskiedenis wees. Dit is Suid Afrika se eerste nasionale opname wat dieselfde mense oor ‘n tydperk monitor om ‘n duidelike beeld te kry van hoe mense vooruitgaan of ly. Dieselfde tipe opname word oorsee gedoen, in lande soos Australië, Maleisië, Mexiko en die Verenigde Koningkryk. Suid Afrika het hierdie tipe inligting broodnodig om beter beleidmaking te bewerkstellig vir alle Suid Afrikaners.

Dankie



Professor Ingrid Woolard
The University of Cape Town

N.i.D.S.
NATIONAL INCOME DYNAMICS STUDY

Our offices
Room 2.25, New Economics Building, Middle Campus,
University of Cape Town Rondebosch 7700

Our postal address SALDRU, NIDS Project,
University of Cape Town,
Private Bag X3, Rondebosch 7701, South Africa

Tel: +27 (0)21 650 5968
Email: nids.communications@uct.ac.za
Website: www.nids.uct.ac.za

NIDS toll free number: 0800 11 NIDS (6437)

For more information about NIDS go to www.nids.uct.ac.za

Find our YouTube Channel by searching “National Income Dynamics Study”